Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

ÉcoleBooks

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

* X E C O A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.

    - AFDELING A: VERPLIGTEND
    - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
    - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae noukeurig en begin elke vraag boaan ʼn NUWE bladsy.

5. Laat 2−3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal nie nagesien word nie.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

ÉcoleBooks

9. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE − 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Industrialisasie verwys na die ontwikkeling van die ... sektor.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D ekonomiese

1.1.2 Lekkasies uit die ekonomiese kringloopmodel sluit … in.

A belasting en staatsbesteding
B besparing en uitvoere
C investering en invoere
D besparing en belasting

1.1.3 Nadat handelaars en vakmanne in dorpe gevestig het, het hulle organisasies gevorm wat ... genoem is.

A vakbonde
B gilde
C handelaars en vakmanorganisasies
D kunsklubs

ÉcoleBooks

1.1.4 Lewensverwagting word deur ... bepaal.

A mortaliteit
B vrugbaarheid
C arbeid
D Vigs

1.1.5 Watter EEN van die volgende is nie 'n voorbeeld van 'n belangrike stelsel in die evolusie van ekonomiese stelsels nie?

A Feodalisme
B Merkantilisme
C Metallurgie
D Kommunisme

1.1.6 Die … -fase in die sakesiklus word deur ŉ algemene pessimisme onder huishoudings gekenmerk.

A resessie
B herstel
C trog
D depressie

1.1.7 Wat sal lei tot ŉ toename in besteding deur huishoudings?

A Afname in die koers van inkomstebelasting
B ŉ Styging in die koers van werkloosheid
C ŉ Styging in die rentekoers
D ŉ Daling in besteebare inkome

1.1.8 Wrywings-werkloosheid vind plaas wanneer ...

A die oestyd verby is.
B die ekonomie se struktuur verander.
C werkloosheid langdurig is.
D mense tussen werke beweeg. (8 x 2) (16)

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Omgewing | A opeenvolgende periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteite |
| 1.2.2 Prysteorie | B die deel van die arbeidsmag wat kan werk |
| 1.2.3 Totale inspuitings | C die uitbreiding van ŉ land se mag en invloed in die wêreld deur politieke verhoudinge of militêre mag |
| 1.2.4 Sakesiklusse | D inmenging in die bevordering van handel vir ekonomiese ontwikkeling, wat daarop gemik is om die prestasie van ŉ ekonomiese gebied te verbeter |
| 1.2.5 Selfonderhoudend | E die fisiese omgewing en toestand wat mense se lewens beïnvloed |
| 1.2.6 Imperialisme | F die som van investering, staatsbesteding en uitvoerinkomste |
| 1.2.7 Ekonomiese bedrywige bevolking | G ander naam vir mikro-ekonomie |
| 1.2.8 Uitvoerbevordering | H mense produseer self wat hulle nodig het |
| | I die bedrag geld wat ŉ natuurlike hulpbron verdien bo en behalwe die oordragverdienste |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die begrip langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Alle menslike inspanning wat in diens geneem is teen 'n vergoeding

1.3.2 'n Tak van ekonomie wat die handel en finansies tussen lande regoor die wêreld bestudeer

1.3.3 'n Groep mense wat saam as 'n gesinseenheid woon en gesamentlik ekonomiese besluite neem

1.3.4 Goedere wat volop is, maar geen ruilwaarde het nie

1.3.5 'n Afname in die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot 'n ander geldeenheid

1.3.6 Die gedeelte van die ekonomiese bedrywige bevolking wat werk in die informele sektor van die ekonomie het (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE ekonomiese benaderings. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom maak ekonome van ekonomiese modelle gebruik? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**'N TIPIESE SAKESIKLUS**




2.2.1 Identifiseer die trog in bostaande sakesiklus. (1)

2.2.2 Wat word die **$Y^x$** lyn in ekonomie genoem? (1)

2.2.3 Omskryf die begrip *sakesiklus.* (2)

2.2.4 Verduidelik die herstelfase in 'n tipiese sakesiklus. (2)

2.2.5 Wat kan die regering doen om 'n erge afname in die sakesikluse uit te stryk? (4)

2.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SKAARSHEID VAN HULPBRONNE BEPERK MENSE WAT KEUSES MOET MAAK**




**KLERE / LEKKERGOED / BIOSKOOP**

2.3.1 Watter tipe verbruiksgoedere is lekkergoed? (1)

2.3.2 Noem enige basiese behoefte van huishoudings. (1)

ÉcoleBooks

2.3.3 Omskryf kortliks die begrip *skaarsheid*. (2)

2.3.4 Wat is *geleentheidskoste*? (2)

2.3.5 Hoe beïnvloed skaarsheid die keuse van verbruikers? (4)

2.4 Bespreek kortliks die invloed van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse arbeidsmag. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe kan ekonomiese kwessies menseregte beïnvloed? (8)
**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE ekonomiese gevolge van die mynbou- en nywerheidstadium. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die doel van markte in die ekonomie? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WERKLOOSHEIDUITDAGINGS IN SUID-AFRIKA**

Arbeidsmag deelnamekoers in Suid-Afrika neem af tot 58,80% in die eerste kwartaal van 2019, van 59,40% in die vierde kwartaal van 2018. Arbeidsmag Deelnamekoers in Suid-Afrika het ŉ gemiddelde van 57,19% gehandhaaf van 2001 tot 2019 en die hoogste vlak ooit behaal, 60,80%, in die eerste kwartaal van 2001, en ŉ rekordlaagtepunt van 53,60% in die vierde kwartaal van 2010.

[Bron aangepas uit www.statsa.co.za]

3.2.1 Wat beteken *oumense* in die Suid-Afrikaanse arbeidsmag? (1)

3.2.2 Wat het met die deelnamekoers tussen 2001 en 2019 gebeur? (1)

3.2.3 Omskryf *werkloosheid* kortliks. (2)

3.2.4 Wat is die ouderdomsperk van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag? (2)

3.2.5 Waarom verander die aanbod van arbeid in Suid-Afrika? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOMMERSIALISERING IN SUID-AFRIKA**



Suid-Afrika se eerste diamantmyne

[Aangepas uit www.sahistory]

3.3.1 Onder watter ekonomiese sektor word mynbou geklassifiseer? (1)

3.3.2 Noem enige ekonomiese aktiwiteit waarby vroeëre gemeenskappe betrokke was. (1)

ÉcoleBooks

3.3.3 Omskryf *kommersialisering* kortliks. (2)

3.3.4 Verduidelik die verandering wat deur die evolusie van markte teweeggebring is. (2)

3.3.5 Hoe hou BBP met ekonomiese groei verband? (4)

3.4 Verduidelik die sosiale en ekonomiese invloed op werkloosheid. (4 x 2) (8)

3.5 Gee jou mening oor die invloed van immigrasie en vlugtelinge op die bevolking van Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van hernieubare natuurlike hulpbronne. (2)

4.1.2 Wat bepaal die bevolkingsgroeikoers? (2)

4.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Daar is vier produksiefaktore in enige ekonomie. Dit is die elemente wat bymekaar gevoeg moet word om goedere en dienste te lewer.

4.2.1 Wat verteenwoordig die blok met byskrif **A**? (1)

4.2.2 Watter soort ekonomie word in bostaande kringloop geïllustreer? (1)

4.2.3 Omskryf die begrip *produksie*. (2)

4.2.4 Verduidelik wat met die nasionale inkome sal gebeur as invoere toeneem. (2)

4.2.5 Hoe kan die regering skaars hulpbronne aanwend om te probeer om Suid-Afrikaners se onbeperkte behoeftes te bevredig? (4)

4.3 Bestudeer die table hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SEKTOR** | **2011** | **2012** | **2013** | **2014** | **2015** | **2016** | **2017** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Primêre** | 48,8 | 32,7 | **A** | 11,8 | 10,8 | 10,2 | 11,8 |
| **Landbou, bosbou en visserye** | 21,3 | 12,1 | 7,1 | 4,6 | 3,4 | 2,8 | 2,4 |
| **Mynbou** | 27,5 | 20,6 | 16,0 | 7,2 | 7,4 | 7,4 | 9,4 |
| **Sekondêre** | 5,8 | 11,6 | 31,1 | 27,7 | 24,3 | 23,4 | 21,0 |
| **Tersiêre** | 45,4 | 55,7 | 45,8 | 60,5 | 64,9 | 66,9 | 67,2 |

[Aangepas uit www.statssa]

4.3.1 Noem die metode waarvolgens die BBP in bostaande tabel bereken is. (1)

4.3.2 In watter ekonomiese sektor doen banke besigheid? (1)

4.3.3 Omskryf die begrip *sekondêre sektor*. (2)

EcoleBooks

4.3.4 Verduidelik die tendens van die sekondêresektor-bydrae tussen 2013 en 2017. (2)

4.3.5 Bereken die waarde van die primêre sektor se bydrae (**A**) in 2013. (4)

4.4 Onderskei tussen *absolute* en *relatiewe skaarsheid*. (2 x 4) (8)

4.5 Stel VIER moontlike oplossings vir omgewingsprobleme voor. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord:<br>• ŉ Goeie beginpunt sal wees om die hoofterm, wat met die vraag onderwerp verband hou<br>• Moet nie enige gedeelte an die vraag insluit in die inleiding nie<br>• Moet nie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat in die inhoud bespreek gaan word | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in in detail/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik<br><br>**Addisionele gedeelte:** Eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor | Maks. 26<br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek of ontleed is, sonder om die feite wat reeds in die inhoud genoem is, te herhaal<br>• ŉ Opinie of gewaardeerde oordeel oor bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / ontleding te staaf<br>• ŉ Teenoorgestelde sienswyse met motivering, indien so vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die fases in die sakesiklus. (26 punte)
- Hoe kan inspuitings bydra tot ŉ ekonomiese opswaai? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

**Bespreek veeteelt en landbou onder die volgende hoofde:**

- Kenmerke (10
- Faktore wat ontwikkeling bevorder (8)
- Faktore wat ontwikkeling strem (8) (26 punte)
- Waarom moet die nasie aangemoedig word om te spaar? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM